

23 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 18:21-24

As die stemme stil word

'n Mens kan om verskillende redes bly en opgewonde wees. Jy kan jou verwonder oor die mooi dinge wat op jou pad gekom het en God daarvoor dank, maar 'n mens kan ook vreugde bedryf wanneer jy jou aan goddeloosheid en sedeloosheid oorgee. Die mag van verleiding is so onweerstaanbaar omdat mense se emosies opgesweep word. Die Babilongees van afvalligheid het 'n toweruitwerking op 'n mens. Dit verblind en verdoof jou. Wanneer God egter gaan skryf: "Dit is genoeg" – dan eindig alles in doodse stilte!

Die musiekspelers hou op. Die ambagsmanne lê hulle gereedskap neer. Die meulenaars maal nie meer meel om brood te bak nie. Die flikkerligte word uitgedoof. Die bruide en bruidegomme se vreugde verdwyn. Selfs die besigheidsmense sluit hulle deure. Die hele wêreld kom tot stilstand. Nou waarom word alles so stil? Omdat die werklikheid ineens tot almal deurgedring het. Sonder God is daar geen vreugde nie.

Juis die teendeel is deur Satan met soveel sukses aan die mense verkoop!

Gaan daar regtig 'n tyd kom wanneer die geduld van God gaan opraak?

Ons moet weet dat God nie met Hom laat spot nie. "Wat die mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes" (Gal 6:7,8).

Sing: Psalm 98:3

Dr B Duvenage (Emeritus)